PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 086 651 5969
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

Geagte Ouers

Met die uitbreek van die derde vlaag van Covid-19, doen ons `n ernstige beroep op u om te alle tye die veiligheidsprotokolle te handhaaf. Alle leerders word versoek om altyd hulle maskers korrek te dra sodat die neus en mond ten volle bedek word. Sosiale byeenkomste moet asseblief vermy word omdat die genoemde protokolle by sodanige byeenkomste vervaag. Direkte sosiale kontak moet asseblief streng ontmoedig word.

Gegewe die drastiese verspreiding van die nuwe variant van die virus, is dit van uiterste belang dat elke leerder krities bewus moet wees van sy verantwoordelikheid om die skool- en breë gemeenskap se welsyn te handhaaf.

Daar is tans `n paar leerders wat positief getoets het vir Covid-19 en alle leerders wat in direkte kontak met sodanige leerders was, is in kennis gestel om vir 10 dae te isoleer. Die komende rekordeksamen vir die Graad 12-leerders noodsaak veral die beskerming en gesondheid van sodanige leerders.

Ons is dankbaar vir die ouers se ondersteuning aan die seuns met die bewusmaking van die voorkomingsmaatreëls en ons sal alles in ons vermoë doen om `n veilige leeromgewing vir elke leerder te verseker. Die situasie by die skool word daagliks streng gemonitor en ouers sal diensooreenkomstig van enige drastiese veranderings ingelig word.

André van Staden
REKTOR

Gwen Olivier
ADJUNKREKTOR: WAARNEMEND

10 Augustus 2021